higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## STAATSBESTUUR
### NKR VLAK 4

(8011004)

**18 November 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 100**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Laat 'n spasie oop en trek 'n streep oor die bladsy sodra jy ELKE vraag voltooi het.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A

### VRAAG 1

Voltooi die volgende sinne deur die woorde, wat in die lys hier onder voorsien word, te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1(a)–1.3(b) in jou ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| feite; operasionele; loopbaan; inligting; Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD); ondersoek; belangstelling; bestuur; afdeling; misdaad; voorkoming; ondersteun; geskrewe; gesproke; Onafhanklike Polisieondersoekdirektoraat (IPOD, voorheen as die Onafhanklike Klagtedirektoraat of OKD bekend) |

1.1 Die doel van die loopbaanbestuursafdeling is om werknemers in die konteks van die behoeftes van die (a) ... met hul (b) ...-oogmerke en -doelwitte te bemagtig en te (c) ... (3)

1.2 (a) ... inligting moet 'n positiewe bydrae tot die effektiewe (b) ... en (c) ... van 'n misdaadtoneel lewer. (3)

1.3 Die doel van verslae is om (a) ... en inligting met behulp van die (b) ... woord aan ander mense oor te dra. (2)

**[8]**

### VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in jou ANTWOORDBOEK neer. Korrigeer die stelling as dit onwaar is.

2.1 Vergelding as funksie van die Departement van Korrektiewe Dienste het betrekking op die straf om 'n aangehoudene van hul vryheid te ontneem.

2.2 Een van die misdaadvoorkomingsbedrywighede wat die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se bedryfsdienstedivisie hanteer, is gyselaarsonderhandeling.

2.3 'n Klagte wat by die Onafhanklike Polisieondersoekdirektoraat (IPOD, voorheen as die Onafhanklike Klagtedirektoraat of IKD bekend) ingedien word, kan slegs per e-pos gedoen word.

2.4 Die doel van die ministeriële komitee van die Departement van Polisie (voorheen as die Departement van Veiligheid en Sekuriteit bekend) is om politieke rigting te formaliseer.

2.5 Die afdelingskommissarisse van misdaadintelligensie en misdaadopsporing bestaan uit beveiligings- en sekuriteitsdienste asook uit voorsieningskanaalbestuur.

2.6 Teenintelligensie behels aktiwiteite wat daarop gemik is om ons eie spioene in ander lande te lok en te motiveer.

Die skending van menseregte deur polisiebeamptes beteken nie noodwendig dat 'n misdaad gepleeg is nie.

2.8 Die openbare beskermer kan ondersoek na private maatskappye instel.

2.9 Die geldigheid van misdaadinligting het betrekking op die akkuraatheid van die inligting.

2.10 As aangestelde amptenare word daar van die SAPD se lede verwag om verantwoordelik vir hul optredes te aanvaar en teenoor die publiek aanspreeklik te wees.

**[15]**

**VRAAG 3**

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item of woord in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.7) in jou ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie | A | Nasionale Ondersoekkommissaris-komitee |
| 3.2 | Onafhanklike Polisieonder-soekdirektoraat (IPOD, voorheen as die Onafhanklike Klagte-direktoraat of IKD bekend) | B | beskik oor die mag om die handhawing van menseregte te monitor |
| | | C | verleen goedkeuring aan |
| 3.3 | Endemies | D | in 'n plaaslike gebied teenwoordig of eie aan die mense in daardie gebied |
| 3.4 | Tendens | E | 'n algemene neiging of rigting |
| 3.5 | Nepotisme | F | verleen die reg aan |
| 3.6 | Onderskrywe | G | 'n siekte wat beheer moet word |
| 3.7 | NIKOK (NICOC) | H | voortrekkery wat aan familielede betoon word |
| | | I | kan klagtes oor swak diens wat die polisie lewer, ondersoek |
| | | J | Nasionale Intelligensiekoördinerings-komitee |

(7 × 1) **[7]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: 30**

## AFDELING B

### VRAAG 4

4.1 Noem TWEE aangeleenthede wat buite die openbare beskermer se jurisdiksie val. (2)

4.2 Noem die DRIE hoofdoelwitte van die Suid-Afrikaanse Mensreregte-kommissie. (3)

4.3 Watter DRIE instellings versterk demokrasie in die polisiediens? (3)

4.4 Noem die TWEE soorte verslae wat deur polisiebeamptes geskryf word. (2)
**[10]**

### VRAAG 5

5.1 Gee enige DRIE soorte operasionele verslae. (3)

5.2 Noem VIER kenmerke van 'n goeie verslag. (4)

5.3 Noem DRIE funksies van die Departement van Korrektiewe Dienste. (3)
**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: 20**

## AFDELING C

## VRAAG 6

Lees die volgende artikel aandagtig deur en beantwoord die vrae:

**POLISIE, GPF EN EPR SECURITY OOR MISDADIGHEID**

Ons veg saam om van Randfontein 'n veiliger plek te maak – GPF, nadat hulle Vrydagnag saam met die polisie, EPR Security en ander sterk teen misdaad in Randfontein opgetree het.

Die polisie, in oorleg met die gemeenskapspolisiëringsforum (GPF) en plaaslike sekuriteitsmaatskappye soos EPR Security asook mediese nooddienste, het Vrydag, 20 Julie, 'n enorme misdaadbewustheidsveldtog in verskeie sektore van Randfontein van stapel gestuur.

Volgens Henry Boyce, die GPF-bedryfskoördineerder, is die gebiede waarop daar tydens die optrede gefokus is, sektor 3, 4 en 5 en die SSG. Kolonel Rand Makgatho het die veldtog afgeskop met 'n inligtingsessie oor die doel van die optrede. Hy wil hê die gemeenskap moet bewus wees van die huisbrake, hekmotordiefstal, voertuigdiefstal en veediefstal in hierdie gebiede. Pamflette met die misdaadvoorkomingsnommer daarop is ook uitgedeel. 'Ons is trots daarop om saam met ons gemeenskap en ander belanghebbers te werk om die Randfonteingemeenskap se veiligheid te verseker. Hierdie soort optredes sal meer gereeld uitgevoer word,' sê Makgatho. Al die betrokke rolspelers wil hê die Randfonteingemeenskap moet waaksaam wees en van basiese misdaadvoorkomingsmaatreëls bewus wees, insluitende hoe hulle kan verhoed dat hulle 'n misdaadslagoffer word. Volgens Boyce was dosyne GPF-, EPR Security-, polisie en Netcare-voertuie deel van die veldtog. Die polisie, in oorleg met die gemeenskapspolisiëringsforum en plaaslike veiligheidsmaatskappye, insluitende EPR Security en mediese nooddienste, het 'n suksesvolle misdaadbewustheidsveldtog uitgevoer. 'Ek wil 'n spesiale woord van dank teenoor polisiesersant Levy Molepo, Wilson Molokomme en Edward Molefe asook Johan Booysen van EPR Security uitspreek,' het Boyce gesê. Altesame 83 persone, 11 voertuie en 6 persele is tydens die optrede deursoek.

Kaptein Appel Ernst, die woordvoerder vir die Randfonteinse polisie, het aangedui dat 14 persone in hegtenis geneem is, en van die mense is juis weens die optrede aangekeer. 'Al is nie al hierdie arrestasies as gevolg van die groep se optrede teen misdaad nie, is dit duidelik dat geen ernstige misdade in die gebiede aangemeld is wat die groep gepatrolleer het nie. Mense is in hegtenis geneem omdat hulle drank sonder 'n lisensie verkoop het, dwelms en dagga in hul besig gehad het, onder die invloed van drank bestuur het en verdagte gesteelde eiendom in hul besit gehad het,' het Ernst bygevoeg.

Boyce het ten slotte gesê: 'Ons veg saam om van Randfontein 'n veiliger plek te maak.'

[Bron: Aangepas uit die Randfontein Herald (https://randfonteinherald.co.za), July 24, 2018]

Kopiereg voorbehou 

6.1 Gee TWEE voorbeelde uit die artikel van hoe die polisie en die gemeenskap saamgewerk het om misdaad te bestry. (2)

6.2 Hoe lyk die samestelling van 'n gemeenskapspolisiëringsforum (GPF)? (3)

6.3 Gee DRIE funksies van 'n gemeenskapspolisiëringsforum. (3)

6.4 Verbeel jou dat jy deel van hierdie inisiatief in een van jou 12-uur-skofte uitgemaak het. Skryf 'n kort verslag oor die aktiwiteite aan die hand van die volgende formaat:

- Titel
- Inhoud van die verslag
- Samevatting (7)

**[15]**

**VRAAG 7**

7.1 Jy lê besoek af by die polisiestasie in jou buurt om data vir jou navorsingsopdrag by die Kollege in te samel. Jou waarnemings word tydens 'n 12-uur-skof in die gemeenskapsdienssentrum (GDS) gemaak. Tydens hierdie 12-uur-skof merk jy op dat die verdagte oortreders wat in die polisieselle aangehou word, nie fisies op 'n uurlikse grondslag besoek word nie. Die kaptein in beheer van die GDS maak egter 'n uurlikse inskrywing in die voorvalleboek, waarin aangedui word dat hy die selle besoek het en dat dit met al die aangehoudenes goed gaan.

7.1.1 Word hierdie aktiwiteit (dat die selle nie uurliks besoek word nie, maar dat 'n inskrywing te dien effekte in die voorvalleboek gemaak word) as 'n voldoenings- of nievoldoeningsaktiwiteit geklassifiseer? (1)

7.1.2 Wat is die verskil tussen voldoenings- en nievoldoenings-aktiwiteite? (3)

7.1.3 Gee nog TWEE voorbeelde van die soort aktiwiteit wat in VRAAG 7.1.1 geïdentifiseer is. (2)

7.2 Peter word in hegtenis geneem omdat hy onder invloed van 'n dronkmakende middel is. Hy word by die Sandtonse polisiestasie aangehou. Ingevolge artikel 35 (1)(f) van die Grondwet, 1996, word bepaal dat elke persoon wat gearresteer word omdat hulle na bewering 'n oortreding begaan het, die reg het om, in belang van geregtigheid, uit aanhouding vrygelaat te word, onderhewig aan redelike voorwaardes.

7.2.1 Op watter grondslag kan borgtog aan Peter toegestaan word?

7.2.2 Wie anders kan borgtog toestaan?

(2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

7.3 Jy is die adviseur van 'n internasionale maatskappy wat in Midrand geleë is. Die onderneming se eienaar ontvang 'n brief van die buitelandse tak van die Staatsveiligheidsagentskap (die tak is voorheen die Suid-Afrikaanse Geheime Diens genoem) waarin aangedui word dat die Staatsveiligheidsagentskap inligting oor die maatskappy se saketransaksies met land X moet verkry aangesien hierdie transaksies as aangeleenthede van buitelandse intelligensie geklassifiseer word. Die eienaar stuur jou 'n e-pos waarin hy die volgende vrae stel:

7.3.1 Wat is buitelandse intelligensie? (2)

7.3.2 Wat is die bronne wat regsgesag kan verleen vir die uitvoer van aangeleenthede van buitelandse intelligensie? (3)
**[15]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: 30**

**AFDELING D**

**VRAAG 8**

Daar word van al die SAPD-lede verwag om die SAPD se gedragskode te onderteken en daartoe verbind te wees. Jy is onlangs as konstabel in die SAPD aangestel en teken ook hierdie gedragskode.

Skryf 'n opstel oor die SAPD-gedragskode en gee praktiese voorbeelde van hoe jy hierdie beginsels in die werksplek sal toepas. **[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING D: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou